



# SOTERIA

## SEWE PILARE VAN 'N GODDELIKE FAMILIE - YWER

Stephen Smith, 25 September 2011

*'n Gelowige se rykdom is sy gesin!*

**Spreuke 15:6**

*Wat kan ons doen om wêreldvrede te bevorder? Haar antwoord: Gaan huis toe en sorg dat jy jou gesin liefhet!*  
- **Moeder Teresa**

**Spreuke 9:1-6 (Boodskap)**

*Wysheid het haar huis gebou; sy het haar Sewe Pilare met Wysheid uitgekap.*

### **Sewende pilaar:**

**YWER:** Deur die meeste te maak van jou geldmiddelle, deur vindingryk, spaarsamig, vergenoeg en dankbaar te wees.

*Die hand van die vlytiges sal heers, maar traagheid lei tot dwangarbeid.*

**Spreuke 12:24**

*Through skillful and godly Wisdom is a house (a life, a home, a family) built, and by understanding it is established [on a sound and good foundation], and by knowledge shall its chambers [of every area] be filled with all precious and pleasant riches.*

**Proverbs 24:3, 4 (Amplified)**

*Personal finance is 80% behaviour and 20% head knowledge*

- **Dave Ramsey**

Gewoonlik blameer mense twee partye vir hul finansiële dilemma: die duiwel of die land se ekonomie. In realiteit het beide niks daarmee te doen nie. Dit is 'n bestuursprobleem aan hulle kant, want hulle het nie binne hulle begroting geleef nie – of hulle het nie God se leiding en wysheid gesoek nie.

Wanneer mense meer opsoek is na geld as na God, eindig hulle op met 'n finansiële krisis.

Wat is dit wat God oor geld sê? Is dit veronderstel om jou te besit? Word jou waarde bepaal deur wat jy het en besit? Hoe is jy veronderstel om jou finansies te bestuur? Wat doen jy wanneer jy nie iets kan bekostig wat jy nodig nie? Wat is jou finansiële prioriteite?

### **Bestuur jou huishouding met wysheid**

God wil hê jy moet wys wees en jou gesonde verstand gebruik wanneer dit by jou geldsake kom. Wanneer jou finansiële plan in plek is, het jy die weg gebaan vir spaar, spandering en belegging.

### **Skep 'n begroting**

*Want wie van julle wat 'n toring wil bou, gaan nie eers sit en die koste bereken, of hy die middele het om dit uit te voer nie?*

**Lukas 14:28**

*'n Begroting wys waarvoor jy moet werk en sê vir jou waarheen die geld gaan.*

**Die eerste stap in die opstel van 'n begroting is om prioriteite te bepaal.**

#### **I. Plaas God eerste**

*Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die HERE van die leërske...*

**Maleági 3:10**

*Maar dink aan die HERE jou God, dat dit Hy is wat jou krag gee om rykdom te verwerwe, dat Hy sy verbond kan bevestig wat Hy aan jou vaders met 'n eed beloof het, soos dit vandag is.*

**Deuteronomium 8:18**

- 2. Huisverband**
- 3. Maak seker jy eet**
- 4. Vervoer**
- 5. Lys jou noodsaaklikhede**

## **Betaal jou skuld af**

*It is human nature to want it and want it now; it is also a sign of immaturity*

Deur jou skuld te verminder is een van die grootste stappe na finansiële vryheid.

## **Spaar en belê**

Dit is belangrik om 'n spaarrekening te hê. Stel jou dit ten doel om tenminste 10% elke maand te spaar. 'n Gesonde spaarrekening moet jou tenminste 3-6 maande kan onderhou.

## **Te leen of nie?**

Die ideaal is **ALTYD KONTANT!** Deur jou kontantvloei te beperk deur geld te leen is nie wys nie.

Wanneer glo jy in plaas van leen? Dit hang alles af van God se tydsberekening in die sekere situasie, en jy moet in staat wees om Hom te kan hoor aangaande die onderwerp. As Hy sê om te wag en Hom te vertrou vir die voorsiening, dan sal jy ook Sy tydsberekening weet. As jy die Here vlytig aangaande 'n saak gesoek het en Hy sê jy kan voortgaan om geld te leen, dan sal Hy jou ook help om dit gou af te betaal.

## **Een begroting**

'n Gesonde finansiële stand verg wysheid, tyd en *effort*. Organisering en spanwerk is sleutel faktore. God is gewillig en in staat om 'n wonderwerk vir jou te doen, maar jy kan nie 'n leefstyl van wonderwerke leef nie. Verantwoordelikheid moet ook sy plek hê. Onthou dat die kwaliteit van jou rentmeesterskap sal jou profyt bepaal!

***And the rest, it is sought among stewards that one be found faithful.***

**I Corinthians 4:2 (MKJV)**

***Geld verander nie mense nie, dit ontmasker hulle net. As iemand van nature selfsugtig, arrogant of inhalig is, bring geld dit na vore; dit is al.***

**- Henry Ford**

### **Vier basiese dinge wat jy moet weet aangaande jou finansies:**

- Wat jy skuld?
- Wat jy besit?
- Hoeveel jy verdien?
- Waarheen dit gaan? Jy moet weet wat jou begroting is?

### **Vra jouself die volgende vyf vrae af:**

- Word my aandag deur materiële dinge in beslag geneem?
- Is ek jaloers op ander?
- Koppel ek my persoonlike waarde aan besittings?
- Glo ek dat geld my gelukkig sal maak?
- Wil ek gedurig nog meer hê?